

Robbertze
Oktober
2011



Prediker 3:11

**“God het elke ding
gemaak dat dit pas in ‘n
bepaalde tyd, maar Hy
het ook aan die mens ‘n
besef gegee van die
onbepaalde tyd. Tog kan
die mens die werk van
God van begin tot einde
nie begryp nie.”**

So het ons aan die einde van nog ‘n seisoen gekom...ja, lente is hier en somer is om die draai. Ook met ons tyd en betrokkenheid by Natanja, hier in Ottosdal, het ons ‘n nuwe fase ingegaan. Johan het voor sy besoek aan Tanzanië in Mei klaargemaak by die Kollege en ek het nou, die einde van die derde kwartaal die tuig neergelê. Ek help nog hier en daar met Wiskunde, maar ek is nie meer elke dag by die skool nie. Die tyd het aangebreek vir losmaak en regmaak vir vorentoe... ons DROOM...ons VISIE...ons HART...die onbereiktes in die suide van Tanzanië. **Bid asseblief dat Vader in Natanja Christian School se behoeftes sal voorsien, veral dan vir iemand om my plek te neem.**

Na Johan se besoek aan Mtwara in Mei dié jaar het hy met meer vuur en oortuiging teruggekom en ons het besef die werk daar is nog nie klaar nie... ons harte brand nog vir die Maraba's... ons passie is nog vir die kinders en jeug van dié kusdorp. Solank die Here die vuur aanblaas moet ons gehoorsaam wees. **Bid vir al ons reëlings om in plek te val sodat ons teen April 2018 terug kan wees in Tanzanië.**



Ons tyd in Ottosdal was verseker deur ons Vader beplan... dit was ‘n tyd van nuwe vriende, nou familie, maak... dit was ‘n tyd om jouself te gee, maar net soveel terug te ontvang... dit was ‘n tyd van hard werk, maar tog ook van rus by Sy voete... dit was ‘n tyd wat **ALTYD** sal uitstaan as baie **SPESIAAL**. **Dankie Jesus!**

Johan se besoek aan Tanzanië...

Johan se besoek was ‘n groot seën... hy het kans gehad om by elkeen van ons dierbares te kuier, saam met hulle te bid en hul te bemoedig. **Loof die Here vir Johan se voorspoedige en veilige rit.** Lees ook gerus sy “storie” oor onder andere die lang pad huis toe... (sien: Tanzanië Besoek)





Wat van die kinders? Dit gaan goed met Hannes en Dawie, **bid steeds** dat elkeen in sy terrein sal uitblink as 'n "wenner" vir Jesus!



Plaasuitreike.

Ons het intussen ook begin met die uitreike na plaaswerkers in die omgewing deur middel van die Jesusfilm(Tswana). Wat 'n seën en voorreg. Ons kry toestemming by boere in die omgewing om die film gedurende die week vir hul plaaswerkers te wys. Ons opkomste is nie honderde nie, maar ons glo dat elke saadjie wat gesaai word die moeite werd is. Ons frustrasie is egter groot aangesien ons in Tanzanië gewoond is daaraan om die mense se hartstaal te kan praat... gelukkig verstaan die meerderheid darem Afrikaans. **Bid asseblief vir oop deure en harte by die boere en die werkers. Bid dat baie die waarheid sal hoor en reageer... dat hul Jesus as hul persoonlike Saligmaker sal aanneem.**



Wat nou?

Vandat ons is Suid-Afrika aangekom het, begin verlede jaar, tot nou toe, het ons ondersteuning baie afgeneem, veral die finansiële sy. Ons is dus besig om almal weer op te soek en aan te moedig om ook saam met ons reg te maak vir die NUWE seisoen. Ons het nodig dat jy saam met ons hande vat vir dié nuwe uitdaging... Dus, kry solank die koffie reg, ons gaan jou binnekort bel vir 'n lekker saamkuier waar jy ook weer eens jou betrokkenheid en visie as deel van

ons span kan bevestig! **Bid asseblief saam met ons vir nuwe mense om deel te word van ons span... wat saam met ons almal kan help om die las te dra. Bid vir mense wat die Maraba's op die hart sal dra.**

Bel my gerus as jy wil indruk vir 'n kuiertjie... ons gaan vanaf Ottosdal ons afspraak maak en dus gaan ons probeer om almal in een gebied binne 'n sekere tyd te sien. Ons is regtig opgewonde om te hoor en te sien wat Pappa in jou lewe gedoen het die laaste tyd. My kontak nommer: 060 709 7055.

*Groete in Christus
Johan en Trudie*

Hope is supernatural faith that takes spiritually weak muscles paralysed with fear and doubt and gives them miraculous ability to stand.

Marian Jordan Ellis